

25 Mei

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 4:6-16 (NAV)

Fokusgedeelte: 1 Timoteus 4:7b

“Toewyding aan God”

Elke mens, ook ek en jy, leef elke dag in verskeie menslike verhoudings. Daar is jou verhouding met jou eggenote, jou kinders, jou kollegas, jou vriende. En in hierdie verhoudings is die mens intens betrokke ... anders kan die verhouding nie werk nie. Net so leef ons as kinders van God in 'n persoonlike verhouding met die Here. Daaraan moet ons werk en bou en toesien dat daar 'n heerlike band met God sal wees. Die Bybel noem dit “Godsvrug”.

In jou Godsverhouding kan jy jou met allerlei sake besig hou (vers 7a), maar die apostel Paulus druk dit vir Timoteus op die hart om in “Godsvrug” te lewe – die NAV noem dit “om in toewyding aan God te lewe”. Om dít reg te kry, moet jy jou elke dag met die “woorde van geloof” voed (vs 6). Dit beteken om met die Woord van die Here besig te bly. En wat is heerliker as om Bybel te lees ... en die stem van jou God daarin te hoor? Dan sal jy besef: Maar kyk, ek groei in my Godsverhouding!

Ons oefen ons liggame om gesond te wees (vs 8). Dit het in teenstelling met die “oefening” van die geloof weinig waarde. Om in toewyding aan God te lewe het immers die waarde van die ewige lewe. Daartoe moet ons ons elke dag inspan (vs 10). En ons kan dit doen omdat Jesus Christus ons kinders van God gemaak het deur sy versoeningsliefde en só die belofte van saligheid ontvang het.

Niks is heerliker as om elke dag te kan weet dat ons besig kan wees met die Woord van die Almagtige Vader nie. Dit verander ons lewe ... dit verander ons gesindhede ... dit maak van ons nuwe mense wat in 'n heerlike en intieme verhouding met die Here kan lewe. Wat 'n vreugde!!

Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2

Ds. NW (Nico) Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)